SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER. KOPIEREG VOORBEHOU.
TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

# GR 11 TOERISME

## KWARTAAL 3 OPSOMMENDE NOTAS



# TANZANIË



## UNESCO Kilimandjaro

- Kilimandjaro Nasionale Park en die berg self = wêrelderfenisgebied.
- Hoogste berg in Afrika, maar ook die wêreld se hoogste alleenstaande berg. (Nie deel van 'n bergreeks nie).
- Die berg is die oorblyfsels van 'n vulkaan wat al vir honderde jare onaktief is.
- Duisende avontuurtoeriste klim jaarliks die berg deur een van die 6 amptelike roetes te gebruik.
- Meeste van die roetes is maklik en toeriste het geen suurstofmaskers nodig nie, maar jy moet passop om nie te vinnig te klim nie, sodat jou liggaam kan akklimatiseer om gewoond te raak aan die min min suurstof bo-op die berg.
- Meeste klimmers draai om a.g.v. bergsiekte.
- Parkowerhede beperk mense om dit in ten minste 5 dae te klim.
- Plantegroei verskil van onder by die berg tot bo. Verskillende omgewings sluit c=savanna, woude, bergwoestyn en yspieke in.



# Serengeti Nasionale Park





- Jaarlike migrasie van miljoene grasetende diere van die noordelike dele na die suidelike dele en weer terug – uitsonderlike plek om te wees.
- Enorme getalle diere trek oor die savanna. (kan op geen ander plek in die wêreld gesien word nie.)
- Hierdie unieke natuurlike gebeurtenis het gemaak dat die Serengeti tot wêrelderfenisgebied verklaar is.
- Migrasie: gedurende Mei en Junie wanneer die massas diere weer na die park terugtrek.
- Baie verkeidenheid diere in die park en diere is baie vollop, waarom dit as die beste wildtuin in Afrika beskou word.
- Wildsbesigtigingsroetes = deel van die hoofaantreklikheid.




# STONE TOWN (ZANZIBAR)


- Wêrelderfenisgebied weens historiese belang.
- Was eens die belangrikste handelsentrums in die omgewing van die Indiese Oseaan.
- Welgestelde Arabiese handelaars het in die 19e eeu hier deftige kliphuise gebou – oorheers Stone Town.
- Ou gerestoureerde geboue kan besoek word.
- Wandel in die nou straatjies en stegies.
- Oordadige hout- en koperdeure is baie interessant.









# Ngorongoro bewaringsarea

- Ngorongoro-krater is in die middel van die gebied: plat graslande wat omring word deur hoë heuwels wat die rand van die krater vorm.



- Wêrelderfenisgebied weens die Olduvai-kloof, waar die oudste bekende voorbeelde van die menslike genus Homo habilis gevind is. Hul het 3 miljoen jaar terug geleef.
- Die Ngorongoro-krater, die oorblyfsels van 'n masiewe vulkaan wat meer as mijoen jaar gelede hier uitgebars het, dra by tot die werelderfenisstatus van hierdie gebied.
- Merkwaardige konsentrasie wild word in die krater van die vulkaan aangetref. Dit is die suidelike punt van die jaarlikse Serengeti-dieremigrasie.






**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

A. Jonker